Tjokkies Preprimêr
051-5223628
preprim@tjokkies.co.za

# Tjokkiebrief

14 April 2023
Kw. 2 NUUSBRIEF 1

***Kommunikasie: Lees asseblief die nuusbrief deeglik deur en vergewis uself van al die inligting en reëlings.***



## Welkom terug

Welkom terug aan al ons ouers en kleuters vir die tweede kwartaal. Die Gholfdag lê voor en vir die kleuters beteken dit ook 'n opwindende Herfs-uitstappie na die gholfbaan!

Ouerafsprake vind binnekort plaas en ons gesels graag met u in belang van u kleuter. Wat skoolwerk betref is hierdie 'n baie belangrike kwartaal waar kwelpunte ten opsigte van 'n kleutertjie se vordering so gou as moontlik hanteer en reggestel moet word om hul skoolgereedheid te bevorder.



Saam met die seisoenwisseling neem die loopneusies toe. Onthou dat mamma of pappa elke oggend vóór skool u kleutertjie asseblief moet help om sy/haar neus goed skoon uit te blaas, anders voel hul ongemaklik by die skool en nie lus vir speel en leer nie.



Waak ook daarteen om hul té gou té warm aan te trek, kleuters beweeg rond en sweetlyfies word maklik siek. Hul mag bo-klere uittrek by die skool, maar nie een stel klere uittrek en 'n ander stel aantrek nie!



Soos wat die koue toeneem, bied ons ook kombersies aan vir die middagmaatjies wat rus. **Moet asseblief nie komberse skool toe stuur nie!**

## Oueraand

**Dinsdag, 18 April om 18:00**

Kleuters meld om 17:45 by hul klasse aan waar u hulle weer na afloop van die vergadering kry.

Sekuriteit is gereël - parkeer asseblief sovêr moontlik op die skoolterrein (Hek 1 en 2), of in Rossstraat.

## Bederfdae vir die tweede kwartaal

Die Tweede Kwartaal se Bederfdag fooie is R80 vir 8 bederfdae en word per Karri gehef.

Die Karri-inbetaling hiervoor **open volgende week.**






Ons wil u as ouers opreg bedank vir die ondersteuning wat ons reeds van u ontvang het.

- Hiermee ook net 'n herinnering aan die **Kleuter-borgspeletjie.** Handig asseblief die voltooide vorm, tesame met die totale bedrag in die koevert, by die kantoor in **vóór 28 April 2023.**

  Wanneer hierdie vorms ingedien is, ontvang elke kleuter 'n spesiale dankie-sê geskenkie om huis toe te neem.

- Die **geel vorm vir pryse of donasies** moet asseblief **voor Dinsdag, 21 April teruggestuur word skool toe** sodat ons kan bepaal wat die skool sal moet bysit vir die aankoop van pryse.

  Prysskenkings kan voor/op Vrydag 5 Mei skool toe gebring word. Donasies kan in 'n koevert skool toe gestuur word of dmv EFT inbetaal word. Kontak vir Sanet om verwysing te bekom.

## Vorderingsverslae

Die kleuters se eerste vorderingsverslag word Dinsdag by die ouervergadering in die briewesakke uitgegee. U ontvang ook die individuele skoolfoto's, departementele boekie 2 asook u kleuter se nuwe rooi hempie.

Ons versoek dat u die hempie was en aan die binnekant skryk. **Hierdie hempie moet met 'n denim Woensdae skool toe aangetrek word.**

## Ouerafsprake

Elke klasjuffrou sal 'n tydrooster op die klasgroep deurgee, sodat u 'n afspraak kan maak soos nodig. Indien daar nie 'n geskikte tydgleuf vir u is nie, kontak die klasjuffrou asseblief vir 'n spesiale reëling.





## Knip-vaardigheid



Om gemaklik en vertroud te raak met 'n skêrtjie het 'n kleutertjie baie oefening nodig. U kleuter sal baat by ekstra knip-oefening tuis, veral omdat dit 'n noodsaaklike vaardigheid vir Graad 1 is.

Die regte skêrtjies vir regs– en linkshandige kleuters is by Edunation beskikbaar.

## "Ek kan my naam skryf!"

Volgende week is ons naam-skryf week. Onthou om seker te maak dat u kleuter weet hoe om sy/haar naam te skryf en die letters **korrek** te vorm. Op **Vrydag, 21 April,** trek elke kleuter aan soos iets waarmee sy/haar naam begin. Bv. "Bennie" kan soos 'n "Brandweerman" aantrek of "Bernice" soos 'n "Bytjie". Wees kreatief en laat u kleuter deel in die pret waarmee op beginklankies gefokus word!



## Noodsaaklike reëling

**Hierdie reëling is al voorheen deurgegee en ons vra asseblief die samewerking van betrokke ouers in die verband:**

* Die klokkie by die hek mag in die middae eers vanaf 3 uur gelui word, asseblief nie vóór 3 nie.
* M.a.w kleuters wat vir buitemuurs terugkom kan nie vóór 3 uur ingelaat word nie.
* Middagkleuters moet ook nie voor 3 uur afgehaal word nie.

Die rede hiervoor is dat slegs twee middagjuffrouens op daardie tydstip met hul onderskeie voldag-groepe besig is en nie heen en weer hek toe kan gaan en die groepe alleen los nie.

Baie dankie vir u begrip.

## Merk van besittings

Maak asseblief seker dat u kleuter se klere, kosblik, ensovoorts duidelik gemerk is. Indien iets verlore raak kan u self voortaan daarvoor gaan soek in die “Soek-en-vind” krat. Die krat sal altyd op die Rooiklas se stoep op die punt naaste aan die hek wees.

## *‘n Goeie Tjokkie … … is sagmoedig.*

In die Bybel word groot waarde geheg aan sagmoedigheid. “Geseënd is die sagmoediges.” Matt. 5:5

Sagmoedigheid is nederigheid en selfbeheersing en om nie in onbeheersde woede uit te bars nie. Kom ons kyk met sagte oë na mekaar en leer dit deur ons voorbleed vir ons kinders.

## Langnaweke

| | |
|---|---|
| Donderdag, 27 April | - Vryheidsdag |
| Vrydag, 28 April | - Skolevakansiedag |
| Maandag, 1 Mei | - Werkersdag |
| Vrydag, 16 Junie | - Jeugdag |

Dis met hartseer dat ons einde April afskeid neem van ons middagjuffrou, Sannette Schuin.

Daar het ‘n groter geleentheid op haar pad gekom en ons wens haar sukses en voorspoed toe waar sy die leisels gaan neem by Pretty Garden Kleuterskool (in Langenhovenpark).

## Verjaarsdag

Ons “kantoor-juffrou” Sanet verjaar Maandag, 17 April.



Sy is baie waardevol vir Tjokkies en met haar vriendelike glimlag is sy vir ons almal ‘n voorbeeld.

Mag sy ‘n geseënde nuwe lewensjaar ervaar. Ons kan dit vir haar spesiaal maak met ‘n mooi briefie of prentjie!